**19 Junie**

## Moet jou nie ontstel nie!

**Skrifgedeelte: Psalm 37 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 37:8**

Alleen as getroostes in Christus kan ons Psalm 37 verstaan en as ’n dankbaarheidslied sing; Psalm 37 wat deur die Heilige Gees geïnspireer is in Dawid se hart. En dan word dit ’n heerlike Psalm, ’n lied van verlossing en stort dit troos in die harte van die verdruktes en moedeloses uit.

Hoe ken Dawid nie ook die lewe nie? In sy eie lewe het Dawid dit keer op keer ervaar. Weg van die Here is daar die pyn van die sonde, maar naby aan die Here is daar verkwikking, rus en vrede, selfs ten spyte van die hartseer en ellende.

Iemand wat met die “waaroms van die lewe” worstel, kan gerus ag gee op dit wat die Gees vir ons openbaar in hierdie heerlike Psalm. Daar was trane in Dawid se lewe, die trane van sy sonde, kinders het hy aan die dood afgestaan, maar op die Here kan hy vertrou! (vs 3-7). In Hom kan ons vreugde vind, ook in daardie stiltes, daardie diep put van die ellende. Daarteen is die lewe van goddeloses maar leeg, hulle gaan gou ten gronde. Hulle lewe is leeg en sonder ewige vooruitsigte. “Die toekoms van die goddelose word afgesny.”

Laat staan die woede, *moet jou nie ontstel nie*, dit bring net ellende. Vertrou eerder op die Here! Die Here bepaal ons koers, en Hy ondersteun ons, Hy verlaat ons nie (vs 28), want Christus se lyding was volkome. Niemand het ooit soveel gely soos Hy nie, en dit is Hy wat uitgeroep het. “My God, my God, waarom het U my verlaat?”, sodat ons nooit meer deur God verlate sou wees nie.

Weet dan, die regverdige in Jesus is deur die Here gered. Hy help, Hy bevry, Hy red en ons kan by Hom skuil. In Hom is daar ’n toekoms (vs 37), moet jou nie ontstel nie, maar laat jou lewe aan die Here oor, Hy sal sorg!

*Sing: Psalm 37:2; 5 (1936-beryming)* *Ds. Lourens Nel (Derdepoort)*